Teksverse VIR PAASFEES

Druk hierdie teksverse uit en knip dit in kaartjies.
Probeer dit memoriseer.

JOHANNES 3:16

"God het die wêreld so liefgehad
dat Hy sy enigste Seun gegee het,
sodat dié wat in Hom glo,
nie verlore sal gaan nie
maar die ewige lewe sal hê."

ROMEINE 10:9

"As jy met jou mond bely
dat Jesus die Here is,
en met jou hart glo dat God
Hom uit die dood opgewek het,
sal jy gered word."

ROMEINE 8:34

"Christus Jesus het gesterf,
maar meer as dit:
Hy is uit die dood opgewek,
Hy sit aan die regterhand van God,
Hy pleit vir ons."

FILIPPENSE 2:7-8

"En toe Hy as mens verskyn het,
het Hy Homself verder verneder.
Hy was gehoorsaam tot in die dood,
ja, die dood aan die kruis."

2 KORINTIËRS 5:17

"Iemand wat aan Christus behoort,
is 'n nuwe mens.
Die oue is verby,
die nuwe het gekom."

JOHANNES 5:25-26

"Ek is die opstanding en die lewe.
Wie in My glo, sal lewe,
al sterwe hy ook;
en elkeen wat lewe en in My glo,
sal in alle ewigheid nooit sterwe nie."

KOLOSSENSE 1:14

Deur die Seun
het ons die verlossing verkry,
die vergewing van ons sondes.

HANDELINGE 3:15

So het julle Hom, die Leidsman
na die lewe toe, doodgemaak,
maar God het Hom uit die dood
opgewek, en daarvan is ons getuies.